

### OORSIG VAN 2015–2016

#### Die WAT word 90

In 2016 word die WAT 90 jaar oud en ons vier dit met verskeie opwindende projekte waaronder die voltooiing van die nuwe *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*, 'n kompetisie om die gewildste Afrikaanse woord te bepaal, die loodsprojek vir 'n nuwe *Aanlyn WAT*, 'n wynreeks met definisies uit die WAT op die etiket, 'n permanente Hennie Aucamp-uitstalling by die WAT en 'n konsert ter ere van die WAT tydens die US Woordfees gewy aan Afrikaanse liedjies van die afgelope nege dekades.

*Deon Meyer is die beskermheer van Borg 'n Woord vir 2015 – 2016. Twee pryse van R25 000 elk van Sanlam kan gewen word en elke deelnemer kry gratis toegang tot die Aanlyn WAT. Hier verskyn Hannes van Wyk, dr. Willem Botha van die WAT en Deon Meyer tydens 'n uitsending van Kwêla op kykNET. Kwêla het die woord kwêla eksklusief geborg vir R5 000.*



#### Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal en ander publikasies

Die redaksie het die opwindende taak gehad om te werk aan die konsepontwerp van 'n moderne nuwe *Aanlyn WAT*. Dit is gedoen na 'n deeglike studie van Nederlandse, Engelse en Duitse aanlyn woordeboeke en die leksikografieteorie rondom elektroniese woordeboeke.

*Die bestaande Etimologiewoordeboek van Afrikaans (EWA) en die EWA Supplement is gekombineer en vir die eerste keer as 'n CD-ROM gepubliseer. Hierdie elektroniese EWA en die bestaande Aanlyn WAT is nou ook beskikbaar op die Woordeboekportaal van VivA (Virtuele Instituut vir Afrikaans).*

Daar is ook gewerk aan die verbetering van die bestaande *Aanlyn WAT* en 700 ontbrekende nuwe woorde is opgeneem. Voorbeelde van "nuwe" woorde is *aanlyn*, *app* (en *toep*), *banting*, *beurtkrag*, *blog*, *blogger*, *blues*, *bogger*, *boks*, *bokswyn*, *breëband*, *CD*, *DVD*, *emoji*, *emotikon*, *e-tol*, *gabba*, *gay*, *geelkaart*, *rooikaart*, *haatspraak*, *hidrobreking*, *hommeltuig*, *hutsmerker* en *hekkie*.

*Lexikos 25*, die WAT se internasionale vaktydskrif vir die leksikografie, het vroeg in Desember 2015 verskyn. Prof. Elsabé Taljard van UP is die redakteur van die vyf en twintigste uitgawe.


#### Opleiding

Die WAT wil graag 'n breër bydrae in die gemeenskap lewer en lei daarom woordeboekmakers vir die ander amptelike tale van Suid-Afrika op. Opleiding in die gebruik van elektroniese woordeboeke word ook aan leerders, onderwysers en studente gebied. Werkwinkels word by skole en die Opvoedkundefakulteit van die Universiteit Stellenbosch aangebied.



*Tweedejaarstudente in die leksikografie van die Departement Afrikaans en Nederlands van die Universiteit Stellenbosch (heel bo) en 270 derdejaar-taalpraktijkstudente van die Soshanguve-kampus van die Tshwane Universiteit vir Tegnologie het lesings in die praktiese leksikografie van die WAT bygewoon.*





Die WAT het onlangs 'n ruim erflating uit die boedel van wyle prof. Hennie Aucamp ontvang. Hier verskyn dr. Willem Botha en mnr. Johan Holtzhausen, voorsitter van die WAT Trust, by 'n potloodskets van Aucamp deur die kunstenaar Alex Emsley. Die skets sal die fokuspunt vorm van 'n Hennie Aucamp-uitstalling by die WAT op Stellenbosch.

## Beeldbou en Bevordering van Afrikaans

Die Nuutskeppingskompetisie gaan van krag tot krag en word in samewerking met die US Woordfees, RSG en die ATKV aangebied. Die vyf daaglikse weners ontvang kontantpryse geborg deur die ATKV en die uiteindelijke wenner wen 'n verblyf van drie dae by 'n ATKV-oord van sy of haar keuse. Die dagweners was *glansgans* (celebrity), *kermderm* (iemand wat baie kla), *mooiplooi* (cleavage), en *kieriekorting*. RSG-luisteraars stem elke dag op RSG se webtuiste vir 'n wenner.

Die personeel het deurlopend die WAT breër bekendgestel en Afrikaans bevorder. Die hoofredakteur en eindredakteur het 'n hele aantal organisasies toegesprek oor Afrikaans en die projekte van die

WAT. Dr. Frik Lombard het as lid van die Taalkommissie van die Akademie gediens en het een maal per maand saam met dr. Botha luisteraars se taalnavrae beantwoord in *Die tale wat ons praat* op RSG. Dr. Botha het op Vrydagoggende die rubriek *Woord van die Week* op *Monitor* aangebied waarna die rubriek verskuif is na *Die tale wat ons praat* op Sondag.

Dr. Fourie Blair het 'n referaat aangebied by die AFRILEX-kongres in Durban. Daar was ook weeklikse aanhalings in vyf Afrikaanse koerante, versorg deur dr. Botha, en mnr. Gerhard van Wyk het weekliks 'n rare woord vir *Wordslim* in *Rapport se Pretblad* verskaf.

## Woordpret



Die rymkletsers Linkris (links) en die skrywer Deon Meyer is twee van die kunstenaars wat onlangs by die WAT se Woordpret-geleentheid opgetree het.



Woordpret-geleentheid word vier maal per jaar aangebied met Afrikaanse kunstenaars en ander prominente persoonlikhede as gaste. Die doel is om blootstelling aan hierdie kunstenaars te gee, maar ook om die WAT se waardering teenoor sy ondersteuners te toon. Die afgelope jaar

het Dave Pepler, Marius en Evette Weyers, Hermann Giliomee, Linkris (Lindley Heynes) en Deon Meyer opgetree. Vriesenhof, Bellevue, Riebeek-wyne, Stellenbosch Vineyards en Bergsig Landgoed het by hierdie geleentheid hul wyne kom bekendstel.

## Dankie

'n Baie groot dankwoord moet gaan aan ons Direksie en die WAT Trust vir hulle ondersteuning en hul bevordering van die saak van die WAT en Afrikaans. Ons donateurs het dit vir ons moontlik gemaak om steeds 'n produktiewe en kreatiewe maatskappy te wees. Ons sou nie sonder hulle op die huidige skaal kon funksioneer nie omdat ons jaarlikse begroting tans R5 miljoen is en ons staatsubsidie slegs R1,6 miljoen bedra. Die Direksielede van die WAT is: prof. A. Schoonwinkel (voors.), prof. R.H. Gouws (o.voors.), dr. W.F. Botha (uitvoerende direkteur), dr. L.E. Combrink, prof. L.G. de Stadler, mnr. H.A.J. Lombard, prof. M. Pienaar en dr. R.A. Stevens. Die lede van die WAT Trust is: mnr. J.A. Holtzhausen (voors.), mnr. P. Aucamp, dr. W.F. Botha, mnr. R.P. Gouws, prof. J.T. Meij, mnr. H.G. Raubenheimer, prof. A. Schoonwinkel, dr. F. Sonn en mnr. J.G. Swiegers.

## Donateurs

'n Besondere woord van dank gaan aan ons Anker-donateurs:

ABSA, Afrikanerbond, ATKV, Dagbreek Trust, G.T. Ferreira, Fonds Neerlandistiek, Fynbos Trust, Gouwsgezin, D.W.R. Hertzog, E. de la H. Hertzog, Het Jan Marais Nasionale Fonds, D.M. Hoogenhout, M. Jooste, L.W. Hiemstra Trust, Marie Luttig Trust, Meakergesin, National Lotteries Board, Nederlandse Taalunie, N. SteynTrust, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, PricewaterhouseCoopers, Remgro Beperk en Venfin Beperk, Reunert Beperk, Rupert Gesinstigtings, SANLAM, Sappi Beperk, Sasol, Sdu Nederland, Stonehage Charitable Trust, Trust vir Afrikaanse Onderwys, Universiteit Stellenbosch, Universiteit van die Vrystaat, Universiteit van Pretoria.

Beide die Buro van die WAT en die WAT Trust het onlangs belastingvrystelling kragtens artikel 18A verkry.

Ons bedank ook graag al ons ander donateurs en al die deelnemers aan *Borg 'n Woord*. Al die donateurs en die deelnemers wat woorde eksklusief geborg het, verskyn op ons webtuiste by [www.wat.co.za](http://www.wat.co.za) en in Deel XIV van die WAT.

Inligting oor donasies en Borg 'n Woord is te kry by [www.wat.co.za](http://www.wat.co.za), 021 887 3113 of [wat@sun.ac.za](mailto:wat@sun.ac.za)